Badsout.

Benodigdhede:
150 g growwe sout
50 g koeksoda
50 g boraks
10 - 15 druppels roosgeur-olie
gedroogde roosknoppies
groot mengbak.

Maak so:
Plaas al die droë bestanddele in die mengbak, sprinkel die geur-olie eweredig daaroor en meng dit goed, jy kan in hierdie stadium nog 'n paar druppels van die olie byvoeg as jy 'n sterker geur verkies.
Laat 'n kort rukkie staan sodat enige klammigheid kan verdamp en meng die droë roosknoppies liggies by. Bêre die badsout in 'n lugdigte houer.